durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

12 Mei 2019

**12 Mei 2019, MOEDERSDAG**
**Preekreeks TRINITEIT: SEUN**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Philip Scholtz*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Philip Scholtz*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Arno Mattheus* |

**Deuroffer: Lidmaatuitreike**

Ter ondersteuning aan lidmate wat op georganiseerde uitreike gaan.

**19 Mei 2019**
**Preekreeks TRINITEIT: SEUN**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Eric Swanepoel*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Eric Swanepoel*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Instituut vir Dowes**

## NUUS:

12 Mei: Moedersdag
13-17 Mei: WK Sinodesitting
18 Mei: Betesda-mark
20 Mei: Kerkraadsvergadering
21 Mei: Doopkategese Vinkel & Koljandermark
30 Mei: Hemelvaartdiens om 19:00
2-5 Junie: Pinkster

## Vandag dink ons aan ons Ma's ...
## GELUKKIGE MOEDERSDAG



# Jesus as Priester

**Eienskappe van Jesus**

**Sy priesterskap**
So het Jesus ook van 'n beter verbond borg geword. …Omdat Jesus vir ewig bly, beklee Hy 'n priesterskap wat nie op 'n ander oorgedra word nie. Daarom kan Hy ook diè wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree. **Hebreërs 7:22-25**

Jy het 'n priester nodig. Hoekom? Omdat jy nie op jou eie voor God durf staan nie. Die priester wat jy nodig het, is Jesus Christus. Om hierdie rede kan jy jubel en sing en tot God nader. Jy mag voor Hom verskyn sonder vrees vir die oordeel, want jy kom na Hom toe deur Jesus, jou Hoëpriester.

**Sy koninkryk**
Toe die Fariseërs vir Jesus vra wanneer die koninkryk van God dan kom, het Hy hulle geantwoord: "Die koms van die koninkryk van God kan nie uit voortekens bereken word nie. Hulle sal nie kan sê: 'Kyk, hier is dit!' of: 'Daar is dit!' nie, want die koninkryk van God is hier by julle." **Lukas 17:20-21**

Die koninkryk is oop vir almal wat in geloof na Jesus toe kom. Dit is dus waar jou identiteit en tuiste is. Wie jy is, en aan wie jy behoort is so vasgewortel in die koninkryk van God

**Vervolg bl. 4**

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep





### BERGSIG BREIPROJEK

Ons het wol aangekoop en nooi almal om saam te brei om aan iemand 'n bietjie ekstra warmte te verskaf in hierdie winter.

Daar is wol en patrone (sokkies en mussies) in die voorportaal beskikbaar. Serpe is ook welkom.

Breiwerk wat teen 10 Junie ontvang word, kan bv. vir die Merweville Uitreik tydens die skoolvakansie gebruik word.

Daar is ook deurlopend behoeftes by bv. Ouetehuise.

(Ons is vir eers klaar met die kombersie-blokke projek)

### SPES BONA

Ons gaan die 1ste Junie weer 'n Markie hou op Spes Bona as fondsinsameling vir leierskap onderrig en gemeenskaps toerustig. Enige skenkings om op die Markie te verkoop sal welkom wees, so as jy nou begeesterd voel om daardie regpak en mindermaak "springclean" aan te pak, is jy welkom om dit wat jy wil skenk by die kerk af te laai, gemerk vir Spes Bona. Baie dankie dat ons kan vra.
Ons het ook hulp nodig met die sopverkope tydens die Vinkel en Koljandermark, 21 – 25 Mei hier by die kerk. Kontak my asseblief as jy bereid sou wees om vir 'n uur of twee te help.

### ATTIE VAN WYK SKOOL

Ons verkoop weer die lekkerste jaffels tydens die Vinkel en Koljandermark en sal julle ondersteuning daar baie waardeer – Indien jy nie in die ry wil staan nie en bestellings vooraf wil plaas is julle welkom om vir my 'n Whatsapp/sms of e-pos te stuur met jou bestelling en ek sal sorg dat dit gereed is vir oplaai op die tyd van jou bestelling.

Ons benodig graag die volgende:

- 4 x Bottels Spray en Cook
- 15 x 1kg margarien (Flora groen werk goed maar enige margarien is welkom)
- 4 x vol gasbottels met koppe
- 5 kg Bacon

Indien jy bereid sou wees om bestanddele by te dra sal ek dit baie waardeer as ons dit teen 19 Mei op die laatste by die Kerkkantoor sou kon hê, enige kontantbydrae kan ter enige tyd by die Kerk inbetaal word met die verwysing Attie Jaffels.

Dankie vir almal wat ons so ondersteun deur die jare – ons kon alreeds 3 dataprojektors vir die skool met die vorige jare se fondse uit die mark aankoop. Ons loof en dank die Here vir elkeen van julle.

## Betesda-mark

Betesda Uitreikprojek vir Gestremdes se maandelikse R10 verkoping van boeke, CDs, DVD en viniel-langspeelplate verkoping vind plaas op Saterdag 18 Mei 2019 by Bergsig Kerksentrum van 8:00 - 14:00.

Koffie, tee, pannekoek, tuisgebakte pasteie en soetigheid en ander snuisterye is ook te koop.

Die projek ondersteun persone in die gemeenskap wat finansieel, fisies, intellektueel, emosioneel, geestelik of in ander omstandighede beperk word. Byvoorbeeld die sewe inwoners van Huis Masonic vir persone met kwadruplegie in Gazellestraat, Uitzicht en die vyf kinders met ernstige en diepgaande intellektuele en fisiese gestremdhede van **Yarden Children's Enrichment Centre** in Crownsingel, Vierlanden.

Die projek maak dit moontlik dat kinders van **Durbanville Kinderhuis** en persone uit die gemeenskap gratis kan deelneem aan **PerdePret** 'n terapeutiese aktiwiteit met perde.

***Indien u boeke, DVD's, CD's of vinielplate wil skenk kan u dit by die Bergsig Kerksentrum aflaai of ons sal dit by u afhaal.***

Vir meer inligting oor die projek en die mark skakel Hans Human by 082 549 0518.




Ysterplaat gemeenskapskerk bied elke jaar vir ongeveer 200 kinders tussen die ouderdom van 6 en 11 jaar 'n vakansieprogram aan.

Hierdie program behels 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite, soos sing, dans, drama, speel, kuns en Bybellesse. Ysterplaat benodig egter 20 energieke hoërskoolleerders/jong volwassenes wat by hierdie geleentheid elke dag kan dien as leiers.

Ysterplaat is 'n diverse maar komplekse gemeenskap wat uitdagings soos armoede en werkloosheid in die gesig staar. As gevolg hiervan is daar baie kinders wat swaarkry en op jong ouderdom op verkeerde plekke beland. Hierdie jaar gaan Durbanville Gemeente en Bergsig saam na Ysterplaat toe.

**Navrae: Scherlize Hayes Sel/ Whatsapp: 0728444771**
**E-pos: slizehayes@gmail.com**

**Voorbidding** *Bel Ds. Mizelle by 083 394 1101 om deel van die gebedsketting te word of e-pos na: ds.mizelle@bergsigdv.co.za*

## Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Carolina Erasmus | Fairtrees 59, 021 979 1905 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Theo Laubscher | Coblestone 2, 083 233 9199 | Pa oorlede | Troos en bemoediging |
| Wouter Grové (13 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | Herstel en bemoediging |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | Herstel en bemoediging |
| Babs Cronjé | Fairtrees 17, 021 979 3019 | Operasie | Herstel en bemoediging |
| Magriet Roeland | Fairtrees 12, 072 715 1881 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Johan Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Herstel na hartaanval | Herstel en bemoediging |
| Vickie Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Rugoperasie | Herstel en bemoediging |
| JC Smith | Richterstraat 8., 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***

***SUSTERSconnect***
**VROUE op reis! Almal welkom!**

Ons is op 'n geloofs**REIS** saam met die VROUE van die Bybel.

Verlede jaar het 'n groep vroue van Bergsig by die kromgetrekte vrou van Lukas 13 gaan kuier en gehoor hoe Jesus haar vrygemaak het. Ons kon ook ons eie kromgetrektheid raaksien en deel met vriendinne.

Vroeër dié jaar het ons by **RUT en NAOMIE** gaan kuier en gehoor hoe leef vroue met hoop. Volgende Donderdag kuier ons by Ragab, die ouma oumagrootjie van Jesus.

*Hoe werk 'n **SUSTERSconnect** geleentheid?*
Ons deel op in klein groepies van 2-3 vroue wat die aand saam reis. Ons klim in 'n karakter se skoene en daarna weer in ons eie. Wanneer ons so saam gesels oor ons eie lewe en dié van die karakter, hoor ons hoe God met ons elkeen praat.


*Ek wil nie alleen kom nie en ek is bang om te 'commit'….*
Jy kan een keer kom of jy kan elke keer kom. Jy 'commit' net vir die 2 ure van die reis. Jou reisgenoot sal 'n 'vriendelike vreemdeling' wees. Jy kan dus alleen kom en jy gaan definitief nuwe vriendinne ontdek!

*Ek is reeds in 'n bybelstudie of selgroep.*
*Waarom nóg iets?*

Ons oefen om 'n paar reisreëls toe te pas waarmee ons 'n veilige ruimte vir mekaar skep. Jy sal die reisreëls kan toepas in jou kleingroep of sommer net in jou dag-tot-dag reis saam met geloofsvriendinne.

Vir meer oor hierdie reisreëls, besoek gerus www.bergsigdv.co.za en kyk by Bedieninge – Bergsig Vroue
Bevestig asseblief jou bywoning op 16 Mei – oggend (10:00 – 12:00) of aand (19:00 – 21:00) by Ilze Lammers 072 623 1967 of ilze.lammers@gmail.com




**AANDDIENS om 18:00 Preekreeks oor die bo-natuurlike. Ds. Johan Els en Arno Mattheus praat oor die tema.**

dat jou lewe híér dikwels 'n worsteling en kultuurskok is.

**Sy gebed**
Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom; want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot die oortuiging gekom dat Ek waarlik van U gekom het en hulle het geglo dat U My gestuur het. Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir diė wat U my gegee het, omdat hulle aan U behoort.
**Johannes 17:7-9**

Jesus het gevra dat sy heilige Vader hulle in sy Naam moet bewaar en hulle geloof beskerm **(Johannes 17:11).** Hy het gebid dat hulle eensgesind moet wees, vol vreugde, beskerm word teen die Bose en geheilig word in die waarheid. Hy het gebid dat hulle die heerlikheid van Jesus mag aanskou.

**Hoe bid ons? –** Bid tot Jesus die Hoëpriester, ***Hiereus***. Die Joodse Hoëpriester het die tempel eenmaal per jaar binnegegaan om vir die sondes van die volk versoening te doen. Die Here Jesus het hierdie funksie uitgevoer vir sy volk, deur eenmalig vir almal aan die kruis te sterf. "Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue ***Hoëpriester*** voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen.
**Hebreërs 2:17**

**Hoe luister ons? –** Bid oor die volgende vrae:

- Wat leer die naam ***Hiereus*** vir my van Jesus?
- Wat leer die naam ***Hiereus*** vir my van myself?
- Wat kan ek nou gaan doen, omdat ek Jesus se naam ***Hiereus*** beter verstaan?

**Hoe leef ons?**

## Durbanville en Bergsig Seniorgroep

Lede wat deel is van die uitstappie op Donderdag 16 Mei 2019 na Buffelsfontein (Weskus) word herinner dat die bus om 10:00 vanaf Bergsig Gemeente sal vertrek.

## Vinkel & Koljander Mark

Ons mark weer van 21 Mei – 25 Mei by Bergsig. Daar word weer heerlike etes voorberei, en ons wil graag die gemeente uitnooi om vanaf Sondag 12 & 19 Mei tussen die eredienste en na die aanddiens, etekaartjies te kom koop in die binnehof.

21 Mei – Bief burgers @ R60

22 Mei – Hoenderroom & kerrielamspotjies @R60

23 Mei – Gerafelde vark/pulled pork met koolslaai op 'n vars broodrolletjie @ R70

24 Mei – Braaivleis (varknek chop & wors) en Kerrienoedelslaai @ R70

Ons benodig dringend 'n yskas om te leen, tydens die mark vir die koektafel van Frontida/House of Grace/ Coram Deo.

Skakel asb vir Edna by 083 302 4838 indien jy kan help hiermee.




## Waar is dit lekker? Hier is dit lekker!!

Ons Glowsparks lokaal vir kinders 0-3 jaar is die plek by die kerk waar jou peuter kan tuis voel en jy kan deel voel van ons familie sonder die stres van boetie wat onder die kerkbanke deurkruip op pad om sy taai lekkertjie teen die statige tannie se broekpak vas te plak. Kom loer gerus in en ontmoet ander ouers wat speel-speel die diens luister of kom los jou woelwater by ons vir die duur van die diens.



## Het jy die gawe van geduld?



Kom leef jou gawes uit in die kinderbediening! Glowkidz benodig mense vir ons 8:15 en 10:00 dienste. Kom bied kinderaktiwiteite aan of kom sit saam met die kinders op die mat en bou verhoudings! Kontak Stephanie by 083 278 7111 om deel te word van hierdie besondere span!!



## HEUNINGVLEI FAMILIE-UITREIK

Anneke Scholtz het kreatiewe aktiwiteit met die kinders gedoen. Hulle het Paasfeeskruise gemaak.



Pret op die donkiekarretjie (Kiegen van Vuuren, Theron & Lara Swanepoel & “ons” mensperd Pieter Truter en kindertjies van Heuningvlei






**Geveg van die ridders**

Foto’s: Hier sien ons die ridders (Annamaré Visser en Ds. Philip Scholtz veg om die koning Jaco van Vuuren en koningin Dalene v.d. Westhuizen (pastoor), te beïndruk. Die kinders het ook op hul donkies die stryd geveg!







Die HART van Bergsig word ervaar in ons uitreik/missionale spoor. 1 Mei het lidmate van die uitreikprojekte besoek om meer te ervaar van die bediening.



Pa & seun (Pieter & Niel Conradie): besig met die Amazing Race. Niel is aangeraak deur die uitstappie en wil graag vir ’n dogtertjie by House of Grace leesboekies skenk.

## Pinkster 2-5 Junie 2019

Prediker: Fanie Venter van Kerk Sonder Mure

Sondag 2 Junie (8:15, 10:00 & 18:00)

Maandag 3 - 5 Junie (9:30 & 19:00)
Soggens gratis tee en saans sop & broodjies te koop












zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to donate now

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 O18 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810